noodsaaklik is dat aan hulle 'n geskiedkundige perspektief van die westerse wêreld gegee word voordat hul die lewe ingaan;

(3) die groepie matrikulante wat voornemens is om hul studies aan 'n universiteit voort te sit, sal langs die weg die geskiedkundige agtergrond hê wat onmisbaar is om 'n kursus in filosofie, wet, opvoeding, teologie, ens., te volg;

(4) daar so 'n kursus volgepak is met aksie, oorborrel van lewe en omdat prestasie en ontwikkeling hoofsaaklik daarin beklemtoon word, sal dit pragtig aanpas by die geestesontwikkeling van 'n opgroeiende seun of dogter;

(5) dit sal die leerlinge se smaak vir en belangstelling in geskiedenis aanwakker.

Dit spreek vanself dat om so 'n leerplan by 'n tweejarige-kursus te laat inpas, dit baie oorsigtelik behandel moet word en dat meer klem gelê moet word op geskiedkundige rigtings en strominge as op feite.

Op die vraag of die voorgestelde leerplan in die smaak van st. 10-leerlinge sal val, kan 'n afdoende antwoord nie gegee word alvorens dit uitgetoets is nie. Tog is ek daarvan oortuig dat hierdie leerplan by leerlinge meer byval sal vind as die huidige.

Trouens in st. 6 word 'n verdunde leerplan van westerse wêreldgeskiedenis vir jare reeds aangebied, en talle kere het leerlinge my verseker dat hul daardie geskiedenis besonder interessant vind. Onlangs toe ek 'n st. 6-leerling vra waarom geskiedenis vir haar 'n aangename vak is, het sy sonder om te aarsel, geantwoord dat sy daarvan hou omdat dit 'n storie vertel. Dit, vermoed ek, sal ook die reaksie van 'n st. 10-leerling wees om die voorgestelde leerplan wat soos 'n pakkende verhaal sy verbeelding sal aangryp, in teenstelling met die pynigende swoeë wat hy tans moet verduur om honderde losstaande droë en minderbelangrike feite en datums i.v.m. die huidige leerplan onder die knie te probeer kry.

## GELOOF IN HULLE LEWE

deur

DRS. J. L. DU PLOOY, M.A., M.Ed.

TWEE skoolvakke wat hulle maklik vir korrelasie leen, is die Gewyde en die gewone Geskiedenis. In albei word van die lotgevalle van enkelinge en van volkere verhaal. In albei val die klem op die doen en late van mense wat binne die volksverband om sekere ideale gestry het, nie om persoonlike gewin nie, maar veral tot voordeel van hulle volksgenote en hulle nageslag. Wat hoofsaaklik daarin opgemerk word, is die Al-bestierende hand van God in die wêreldgebeure.

In die Gewyde Geskiedenis word o.a. verhaal van die skepping wat 'n historiese feit is; die val van die mens in sonde as gevolg van ongehoorsaamheid; die oprigting van die genadeverbond met Abraham wat die land van sy inwoning moes verlaat om weg te trek na 'n vreemde land wat in Gods raadsplan vir die verbondsvolk vooruit bepaal is; die offer van Isak op die berg Moria en die heilsimplikasies daarvan; die samestelling van huisgesinne as die kleinste eenheid of sel waarop die volk liggaamlik en veral geestelik-gelowig gebou word. Al die gebeurtenisse waarin Israel as geroepe volk betrokke was, die Rigters en Konings, die worstelstryd van Gods volk teen al hulle vyande staan as historiese feite opgeteken. Daaruit kom 'n mens te wete wat die volk op staatkundige sowel as op kultureel-godsdienstige gebied bereik en presteer het. Ons vind ruim geleentheid om die aandag te vestig op groot volksfigure soos Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Josef, Dawid, Simson, Daniël; al die profete en priesters wat die weg van die volk sedelik en godsdienstig gedurigdeur uitgestippel en seëninge verbid het na belydenis en offerandes. Bo alles word verhaal van die grootste figuur van almal, nl. Christus, die Groot Regverdige Versoener, wat as mens tussen mense nie alleen reg, geregtigheid en barmhartigheid beoefen het nie, maar vir Sy volk die grootste offer gebring het: Homself, 'n weg van lyde maar ook van oorwinning. Met Sy koms het 'n definitiewe skeiding van weë gekom: die weg van die enkeling na Christus toe of weg van Hom af. Daarna word baie duidelik en skerp die stryd geteken tussen kerk en wêreld wat weer in die gewone geskiedenis sy neerslag gevind het.

Uit al hierdie gebeurtenisse op die gewyde erf word drie groot sake tuisgebring: geloof, hoop en liefde wat ook op die gewone erf van die volk ingedra en uitgeleef moet word. Die Christelike godsdiens wat deur die genoemde drie sake gekenmerk word, loop soos 'n goue draad deur die eeue heen in al die handelinge en besluite van mense, die optrede van vorste, die strydtonele van nasies en die beraadslaginge van konings en hulle onderdane.

Om die geskiedenis reg te begryp en die doel en sin van al die voorvalle en gebeurtenisse wat in 'n volk se lewe afgespeel word te verstaan, kan geen beter weg gevolg word as om dit met die gewyde geskiedenis te korreleer nie. Daarom moet die gewone geskiedenis aansluiting vind by die Bybelverhale wat op die kinderlike gemoed so 'n diep indruk maak, juis as gevolg van die eenvoud en menslikheid daarvan.

Al die Bybelverhale sluit by die eenvoudige denkwyse en verbeelding van die kind aan. Die groot rede is dat hulle geloofwaardig is en op hulleself waarheidsgrond besit. Hierin lê die sleutel tot hulle popu-

lariteit. Die handelinge van die Bybelfigure is baie helder gemotiveerd. Wat hulle gedoen het, is 'n uiting van 'n sekere lewensbeskouing. Omdat die kind tussen goed en kwaad kan onderskei op grond van sy sedelike bewussyn, word goed- of afkeuring opgewek. Dit bring mee dat die onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd skerper geslyp word. As Kain sy broer Abel vermoor, wek dit weersin op, want so 'n daad rym nie met die christelike opvoeding in die huis nie. Dit druis ook in teen die gesonde maatskaplike lewenswyse. Sodra die kind weet wat die motief vir Kain se daad was, kan hy self 'n suiwer oordeel oor die moorddaad fel. As hy weet dat die gesindheid van Kain se hart boos was en dat ware godsdiens ontbreek het, is sy gemoed rustig. Die motiewe vir die twee broers se offerandes versterk die sedelikheidsbesef en godsdienssin van die christelike kind. Abel word nou die held, al het hy met sy lewe geboet. Dit is iets wat nastrewenswaardig is, 'n ideaal vir die jeugdige gemoed. Abel het die ware geloof besit. Dit is vir die kind die hoofsaak, en daarom was sy optrede reg. Oorsaak en gevolg, soos dit in Kain se lewe weerspieël word: sonde en sy rondswerwende lewe as straf, moet die kind diep beïndruk. Die jeugdige kind is wesenlik vatbaar vir lesse wat deur oorsaak en gevolg tuisgebring kan word. Binne die raamwerk van goed en kwaad word hierdie tragedie van broedermoord afgespeel. Die feit is nie alleen histories nie, maar ook sedelik ingegrif.

Die doel van die opvoeding moet ook wees om die kinders te laat onderskei tussen goeie en kwade dade. Die goeie daad lê in die bedding van die geloofslewe. Die kwaad is gebore uit 'n afwesigheid van godsvrug en word op die weg van selfaanbidding gevind. Die goed is Godverankerd en dus geregverdig. Die kwaad is duiwelsagtig en dus klaar veroordeel.

So moet die bou van die ark deur Noag temidde van 'n spottende gemeenskap gesien word as 'n daad van die hoogste geloof. Die spotters het vergaan. Die gelowiges is saam met Noag behou, omdat daar 'n visionêre blik op die toekoms was soos die Gees dit gegee het. Daarna het die mensegeslag numeries toegeneem. Sedelik is 'n roekelose ideaal nagestrewe: naam maak en saamwoon om krag en sterkte te vertoon in die bou van die Toring van Babel. Dit was die geslag wat in hulleself geglo het. Hulle plan is verydel: hulle is met die taalverwarring verstrooi om apart te gaan, elkeen in sy eie grondgebied en met sy eie taal. Daar is dus weer eenheidsgroepe binne die veelheid van aardsbewoners gestel: aparte volke met hulle eie tradisies en sedes.

In hierdie eenheid het God die Israelitiese volk afgesonder om die geestelike skatte van die genadeverbond in die skoot van die wêreld te laat oorgaan. Die Israelitiese volk as ligdraers van die waarheid en die

ware godsdiens moes binne die wêreld in gedurige kontak met heidense volke bly met die doel om hoër waardes te verseker. So verlig die heilsgeskiedenis die donker lewe van aardsgebonde volke. So loop godsdiens en geskiedenis hand aan hand: die geestelike en die liggaamlike. In hierdie lig moet alle volksgeskiedenis gesien word. Daarbinne staan die heilsgeskiedenis waaromheen alles wentel: die Christusfiguur waarom die hele aardse stryd woed.

Abraham wat 'n nuwe land moes verower, word die vader van alle gelowiges. Sy gehoorsaamheid en vertrek na die vreemde rus op ware geloof wat alle aanslae weerstaan het, selfs in die offerande van Isak. Rebekka, uit die stad van Nahor, word deur 'n vreemdeling gehaal om Isak se vrou te word. Sy weier glad nie, omdat sy 'n gelowige vrou is wat Gods bevele gehoorsaam en in alles Sy leiding sien. By die Jabbok worstel Jakob, die vleeslike, om daarna in die worsteling, hoewel hard geslaan, tog in sy swakheid toegelaat te word om te oorwin en as oorwonnene in die naam van Israel 'n geestelike kenmerk of hoedanigheid te verkry. Israel sien op sy geloofsoorwinning. In die geloof gaan hy Esau tegemoet sonder om verder te vrees: hy word aan die hand van sy God gelei. Daarin het hy geskiedenis van groot betekenis gemaak.

Josef, die jongeling, staan teenoor die wellustige Potifarsvrou, die heidin wat hom in haar lokvalle wou betrek. As gevolg van sy geloof het hy haar aanslae tot die weg van die nou put afgeweer en daardeur aan die heilsgeskiedenis 'n wending gegee. Vir hom en sy nageslag het hy finaal gekies: die hoogste Goed. Daardeur is sy ouers, sy broers sowel as sy hele volk gered, nadat hy aan die koningspaleis in 'n heidense wêreld vir sy groot leierskap geslyp en opgelei is. In sy optrede as onderkoning het hy 'n groot bydrae gelewer tot die geskiedenis van die destydse magtige kultuurvolk, die Egiptenaars: hulle is van honger gered en gevolglik sy eie volk ook.

Op hierdie wyse kan ons uit die verhaalskat van die gewyde geskiedenis put om aan te dui waarom die genoemde figure so gewild by kinders is. Die oorsaak lê hierin: hulle is gedrenk in waarheid, voortgestu deur geloof en bekroon met oorwinning wat veral geestelik gekenmerk word.

Op die eie volkserf toegepas is daar veel wat aan die jeug voorgehou kan word. Met die oog op ideaalvorming wat die grootste kenmerk van die jeug is, moet die onderwysers leer om met die krag van die eenvoudige maar geïnspireerde woord die dade van mans en vrouens uit ons volksgeskiedenis voor te hou. Die klem moet dan op geestelike dade val, omdat liggaamlike dade vir 'n oomblik indruk maak maar nie van blywende betekenis is nie. Hier moet veral op die voorgrond tree wat die

motiewe van hulle dade was: vaste geloof en gemoedsoortuiging, waaruit voortkom die visionêre blik op die toekoms.

Aangaande die oordraging van die geskiedenis staan ons onder 'n definitiewe bevel: „Neem jou in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak". (Deut. 4 : 9).

Ook vir ons, soos vir die kinders van Israel, is 'n land van ons inwoning gegee met 'n definitiewe opdrag, anders sal ons vals staan teenoor onsself en die God van ons vaders, nl. „lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel, en bind dit as 'n teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees en leer dit aan julle kinders deur daaroor te spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan; en skryf dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte, sodat julle dae en die dae van julle kinders in die land wat die Here aan julle vaders met 'n eed beloof het om aan julle te gee, kan vermenigvuldig soos die dae van die hemel bo-oor die aarde." (Deut. 11 : 18-21).

Vir ons as onderwysers, ook van geskiedenis, is daar talle sake wat vir die kinders voorgehou moet word sodat hulle nie vergeet raak nie. Hier sal slegs één genoem word, nl. die rol van die vrou.

Langs die Pad van Suid-Afrika lê talle graftes wat stil getuies is van smart en ellende op die ideaalsweg van vryheid en reg met die doel om die dae van die kinders in hierdie land te vermenigvuldig. Op een plek staan egter die groot gedenknaald met sy spitspunt na bo: die simbool van geheiligde strewe en lyde op die bestemmingsweg van die volk; dis die vestiging van die blik verby die punt van aardse stryd na bo, na die regverdige Beskikker van die lot van ons volk. In daardie stryd het die vrou die hoogste offer gebring.

Daardie lydensmoeders moet vir die jeug voorgehou word as gawes van God. Hulle het die grootste toets deurstaan: die vuurproef van die dood as gevolg van honger, kommer, naaktheid en vernedering. As heldinne het hulle gesorg dat bokant hulle graftes 'n ander suil sal verrys: die geloofsuil van 'n nasie. Dit is 'n suil wat nie aan plek of ruimte beperk is nie, maar orals verrys waar die volk hulde bring aan die Al-Beskikker — by die huisaltaar of by volksmonumente! Daarin lê hulle onoorwinlikheid in die hart van die volk. Hulle het die lig van nasieskap in die wapad sien brand en het geglo dat dit nooit uitgedoof kan word nie. In die kampe waar die dood verderf gesaai het, het hulle geloof oorwin. Daar het hulle lofliedere gesing. Dit het hulle onsterflik gemaak. Dit is die boodskap van hulle lewe aan die jeug.

Die jeug van Suid-Afrika ken die volksmoeder swak. Dit is nodig om haar weg te bepeins, haar lyde, haar beproewing, maar ook haar geloof. Sy is die skoonste ideaal op die weg van nasieskap. Die jeug moet help om die nasieskap te bestendig. Dit kan alleen gedoen word as die besef van offervaardigheid op die voorgrond staan: vasgekoppel aan die offers wat sy op die Pad van Suid-Afrika gebring het. Haar weg was die weg van geregtigheid en koersvastheid. Sy het nie toegelaat dat een onder haar geledere die pad van verraad opgegaan het nie. Sover vasgestel kan word, het nie een van hulle die dolksteek van agter in die duisternis om persoonlike welvaart en weelde toegedien nie. Haar naam staan in die annale opgeteken as iemand wat suiwer gestrewe en gebid het. Sy is die draagster van die Afrikaanse gedagte en die Afrikanervolk. Dit was haar eer en haar voorreg om haar kinders vry te sien in die sonnige land waar hulle nou woon.

Ons grooste taak moet wees om by die jeug in te skerp dat geen ander volksgedagte as dié van die Afrikanerideaal soos die volksmoeder op die sterfpad uitgeleef het, in hierdie land 'n permanente voortbestaan het nie. Geen knegskap van die verlede, geen dwinglandy van die oormag kon die vryheidsideaal van 'n onafhanklike volk in die hart van die Vrou op die volkspad uitdoof nie. Die Afrikaanse volksgedagte, die Afrikanerideale sal enige ander gedagte in hierdie land oorleef, oorskadu, oorweldig en doodgroei, solank daar 'n Vrou van Suid-Afrika leef, want haar geloof het haar volk gered.

## FLITSE

deur

DR. J. J. VAN TONDER,

*Inspekteur van Onderwys, Johannesburg.*

### *Getalle praat 'n taal.*

ONDERSTAANDE getalle is van die Onderwysdepartemente van die betrokke provinsies verkry:

| | St. 10 Kandidate. | Kandidate wat geskiedenis as eksamenvak aangebied het. | |
|---|---|---|---|
| *Kaapland:* | | | |
| 1953 | 5,131 | 3,395 | 66.1% |
| 1954 | 5,303 | 3,557 | 67.0% |
| 1955 | 5,523 | 3,554 | 64.3% |